Pretoria- 21 Desember 2014

Skriflesing: Mattheus 18:15-35
Kategismus: **Sondag 51**
Sing- Ps 25:3,5; Ps. 32:1; Ps. 86:3

Mattheus 18:15-35

Mat 18:15 En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;
Mat 18:16 maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan.
Mat 18:17 En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.
Mat 18:18 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.
Mat 18:19 Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.
Mat 18:20 Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.
Mat 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?
Mat 18:22 Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.
Mat 18:23 Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met ‘n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken.
Mat 18:24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was.
Mat 18:25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.
Mat 18:26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.
Mat 18:27 En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.
Mat 18:28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy mededienskneg te vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.
Mat 18:29 Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.
Mat 18:30 En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.
Mat 18:31 En toe sy mededienskneg te sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.
Mat 18:32 Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het;
Mat 18:33 moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?
Mat 18:34 En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.
Mat 18:35 So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

Sondag 51
126 *Vraag*: Wat is die vyfde bede?
Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus,

nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).
(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14

Skriflesing: Mattheus 18:15-35
Kategismus: **Sondag 51**
Sing- Ps 25:3,5; Ps. 32:1; Ps. 86:3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- In Sondag 50 het ons belydenis vir die Here om brood gevra: ***Gee ons vandag ons daaglikse brood.*** Brood is die samevatting van alle tydelike, liggaamlike en aardse behoeftes. Nou is ons bede: ***En vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.*** Opmerklik is die woordjie *"**en"***. Die gebed om daaglikse brood is verbind aan die gebed om skuldvergiffenis. Dit is die eerste keer wat die woord ***"en"*** in die gebed voorkom. Deur hierdie woordjie lê Christus 'n verband tussen die brood en die skuld vergifnis. Die Here gee vir ons die verband tussen liggaam en siel. Sonder brood kan die liggaam nie lewe nie en so min as wat die liggaam sonder voedsel kan lewe, so min kan ons siel lewe as daar nie vergewing is nie.

Vergewing is iets wat in die lewe baie nodig is. Vergewing is ter sprake as daar afstand tussen twee persone oor 'n sekere saak ontstaan. Die twee persone of groepe word deur iets van mekaar geskei en vergewing is oorbrugging. Daar word 'n brug gebou, die twee groepe of persone word deur hierdie brug, nl. vergewing, weer bymekaar uitgebring deurdat dit wat hulle van mekaar skei oorbrug word of uit die weg geruim word. 'n Mens se siel het sulke brûe brood nodig, soos wat 'n mens se liggaam ook brood nodig het.

Hierdie brug waarvan ons praat is natuurlik met ons verhouding tot God die eintlike saak waarom dit gaan. As daar nie tussen God en u van brûe sprake is nie, m.a.w. daar is nie dié iets wat u by God uitbring nie, nl. sy verbond, dan kan hier op aarde nie werklike vergewing wees nie. Petrus het in sy eerste sendbrief die brug van God se verbond baie duidelik uitgestip. Die brug waarmee ons na God kan oorstap. Die brug is natuurlik God se Seun, Jesus Christus. Petrus skryf in hoofstuk 3:18 – *Christus het ook eenmaal vir die sondes gely; Hy die regverdige vir die onregverdiges en* dan staan daar op die einde die belangrike woorde, *om ons tot God te bring.* Saamgevat sê ons dat Christus se lyding was die brug van vergewing. Christus se lyding het plaasgevind *om ons tot God te bring……..*

Sonde het skeiding gemaak tussen God en ons. God en ons was nie meer bymekaar nie. Maar toe het Christus gekom en al ons sondes op Hom geneem; Hy het in ons plek daarvoor gely en daarvoor betaal. Op hierdie wyse het Christus ons weer by God gebring. Vergewing van my sonde beteken dat God en ek weer bymekaar is. Die gebed om skuld vergifnis is 'n gebed om by God uit te kom.

***

In die vorige bede het ons vir God gevra dat Hy vir ons elke dag brood sal gee. Hy elke dag sy brood na ons sal bring. Ons belydenis het vir ons gewys wat alles met brood bedoel word. Met brood word ook God se Woord bedoel. Ons vra vir God om elke dag vir ons sy Woord te gee, sy Woord na ons te bring. God se Woord en God se Seun is Een. Christus, Hy is die vleesgeworde Woord, Christus, Hy is die finale volkome Woord van God wat God vir ons gegee het. Daarom as Christus, Hy wat Woord van God is, na Homself verwys dan kan Hy Homself ook brood noem. Hy noem Homself die geestelike brood waarsonder ons verslae harte en dorstige siele nie kan klaarkom nie. God is nou nog deur sy Gees die Een wat vir ons Christus bekendmaak. Elke keer, hoe langer, hoe meer ons van Christus hoor, hoe meer is daar sprake van die geestelike brood wat God vir ons bring.

In die vierde bede vra ons vir God om skuldvergiffenis, want dan bring God nie net Homself deur sy Seun as sy geestelike brood na ons toe nie, maar God bring ook vir ons na Hom toe. As u in Matheus 6 die *"Onse-Vader"*- gebed lees, dan staan daar skulde – *En vergeef ons ons skulde* ……In Lukas 11 staan by die gebed "sonde" – *En vergeef ons ons sondes*…..Tussen skulde en sonde is daar nie 'n wesentlike verskil nie. Daar is nog baie ander woorde wat op sonde dui. Wetteloosheid, afwykinge, nietigheid, kromheid van weg, ongebondenheid, opstandigheid van die hart, verkeerdheid van wil, verduistering van verstand. Alles wys op die sonde wat ons sonde is. Ons belydenis maak sonde baie duidelik. Daarvolgens is sonde nalatigheid, wat neerkom op skulde. Sonde is nalatigheid, omdat God vir my alles aandui wat ek moes gedoen het, maar ek doen nie dit wat God van my vereis nie. Ons is aan God verskuldig om gehoorsaam te wees, maar ons luister nie, daarom is ons sonde skuld voor God.

Sonde is nie net nalatigheid nie, maar dit is óók oortredinge. Ons oortree deurdat ons juis doen dit wat God ons verbied om te doen. Sonde is oortredinge in die sin wat ons belydenis

dit misdade noem. Dalk klink dit vir ons ’n bietjie skerp. Ons erken ons sonde, maar dit is vir ons moeilik om te aanvaar dat ons sonde misdade is. Ons is darem nie misdadigers nie.

Ons as mense hou daarvan om die erns van sonde af te maak. Ons praat liewer van “aag, dit is sommer net ’n swakheid”, of ons maak of dit net tekortkominge is, dit is nou maar die vrot kol in my lewe”. Laat ons nie vergeet dat sonde is misdade. Hy/sy wat sondig is ’n misdadiger. Soos wat ons die beryming van 1 Johannes 3 sing, dan sê ons in Skrifberyming 33 vir die Here – **Teen die sonde duur die stryd, sonde is ongeregtigheid.** As ons besef hoe onregverdig ons vir God behandel, dan kom dit neer op geestelike moord. Daar is sovele kere wat ons nie vir God wil verheerlik nie. So baie dinge doen ons sonder om eers aan die eer van God te dink. So baie kanse is daar wat verbygaan wat ons nie eers probeer om ons naaste vir Christus te wen nie. Dink aan al die heimlike moorde wat in ons harte gepleeg word deur die afguns, die haat, woede, wraaklus wat in ons kleef soos wat ons in Sondag 40 van ons belydenis gesê het dat **dit is vir God heimlike moord**.

In ons belydenis is dit duidelik dat ons voor God met die vyfde bede – *En vergeef ons ons skulde,* ook die boosheid van ons sonde bely. Sonde is boosheid. Ons belydenis praat van die boosheid wat ons altyd nog aankleef. Hiermee word bedoel die erfsonde waarin ons almal-elkeen van ons ontvang en gebore is. Dit is soos ’n kanker wat onstuitbaar voortwoeker tot die dood. ’n Giftige moeras waaruit die dampe van die dood opstyg…..iets daarvan sing ons in Psalm 91:2-**Dit is soos pesdamp swanger…….**Terwyl ek nog in die swangerte van my moeder se skoot gelê het, toe het die pesdamp van haar, my pa en almal se sondes voor hulle my alreeds daar omring. In die pesdamp van sonde is ons gebore. Besef u nou wat ons belydenis bedoel as daar gepraat word van die boosheid wat ons nog aankleef.

***

As ons nou weet wat sonde is, hoe ernstig sonde voor God is, dan kom ons met die vyfde bede en ons vra vir die Here – **Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus nie toe nie…..**Die gebed soek na die brug van God se genade. Die brug waarmee ons na God kan oorstap. Sonde het meer as net ’n afstand tussen God en ons gebring, deur die sonde het daar ’n kloof ontstaan. Ons eie sonde het ‘n ontsaglike kloof tussen God en ons ingesny. Met die gebed vra ons vir die Here aanskou die brug wat Christus oor die kloof gebou het en help my om, waar

ek elke dag nog sondig, steeds oor die brug na U te gaan. Gee my dan ook die sekerheid dat niks my sal skei van U liefde wat daar in Christus Jesus, ons Here is nie (Rom. 8:38,39).

***

Ons kan ons alleen op Christus beroep. Buiten Hom is daar vir ons geen hulp nie, sonder Hom sal daar nooit van vergewing sprake kan wees nie. Ons belydenis se enigste grond is óók die bloed van Christus. Ons misdade, ons boosheid, word alleen ter wille van die bloed van Christus ons nie toegereken nie. Dit is alleen Christus wat ons in die woorde van die apostel Petrus *tot God kan bring.* Hiermee kan die skeiding tussen God en ons opgehef word.

***

Maar u weet dan ook al lank reeds dat ons nooit van ons verhouding met God kan praat, sonder om van ons verhouding met ons naaste rekenskap te gee nie. 1 Johannes 4 – Hy wat sê dat hy God liefhê, maar hy haat sy broeder is ’n leuenaar, *want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhê nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie.* Die gebod wat as agtergrond vir al God se gebooie staan, of ons kan ook sê die spieël waarmee God alles in ons lewe weerspieël, is sy liefdesgebod – *Jy moet die Here jou God boweal liefhê en jou naaste soos jouself……*Onder die geklank van hierdie gebod, die liefdesgebod, staan dan ook die weerklank van ons gebed in die vyfde bede – *Vergeef ons ons skulde, <u>soos ons ook ons skuldenaars vergewe……</u>*

Hier moet ons nie dink dat ons nou vir God ’n vergewingsmodel kan aanbied nie. Ons dan vir God wil afpers en sê, omdat ons vergewe, moet Hy ook nou ook vergewe……Dit is glad nie die bedoeling soos wat dit hier staan nie. Dit sal vermetelheid wees as ons so dink. In die Oosterse taal, die Grieks, staan hierdie konstruksie bekend as ’n aforisme. ’n Aforisme is ’n pragtige struktuur van min woorde met baie gedagtes. Met ’n aforisme gee die min woorde ’n moeilike spel van saamgestelde gedagtes. Ons Westerlinge se gedagtes is baie keer te eensydig, ons wil baie keer te logies dink, ons is te veel op die eenvoudige ingestel, ons woorde en taal konstruksies moet eenvoudig wees, ons probeer te hard om iets te wil verstaan, dat ons die rykheid van ’n Oosterse taal wat met aforismes werk nie kan peil nie. Hierdie laaste deel van die vyfde bede is óók ’n aforisme.

Hiermee is ons geen voorbeeld vir God nie, maar die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser is vir ons ’n goeie voorbeeld. In die gelykenis het die koning ’n amptenaar

miljoene rande kwytgeskeld, maar daardie amptenaar was nie bereid om sy mede-amptenaar slegs ’n paar rand kwyt te skeld nie. Die koning was woedend toe hy dit hoor, daarom het hy daardie onbarmhartige skuldeiser in die gevangenis gegooi en *hom oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom verskuldig was……*As Jesus die gelykenis afsluit dan gee Hy vir ons die samevatting met die waarskuwende woorde – *So sal my Vader wat in die hemel is ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.*

Met hierdie gelykenis rig Christus ’n baie ernstige waarskuwing aan ons om nie onversoenlik, onbarmhartig en onvergewensgesind teenoor ons naaste te wees nie. Ons moet so aangegryp word deur die wonderlike vergewing van sondes wat ons van God ontvang, dat ons nie anders kan as om ons naaste te vergewe nie. Ons moet so bly wees dat God ons ons skuld van miljoene rand kwytgeskeld het, dat dit vir ons ’n vreugde sal wees om ons naaste se skuld van ’n paar rand aan ons kwyt te skel. So kom daar dan gelykheid tussen wat God doen en wat sy kinders moet doen.

***

As God ons in Christus so baie vergewe het wat ons teen Hom oortree het, dan moet ons ook bereid wees om mekaar se oortredinge te vergewe. En as ons nie in staat is of bereid is om dit te doen nie, dan hang daar ’n vraagteken oor ons. Die vraag is of ons dan nie hierdeur toon dat ons nie werklik deel het aan God se vergewing van sondes deur Jesus Christus nie? God se oordeel rus dan op ons. As ons nie die genade van God se skuldvergewing wil wys nie, m.a.w. ons wil nie ons naaste, ons skuldenaars, dan het ons ook nog nie van God skuldvergifnis ontvang nie – dan vergeef God nie ons sonde nie.

Mag dit vir u elkeen duidelik wees dat in hierdie lewe het haatdraendheid geen plek nie. As ons vergewe moet ons ten volle vergewe. Nie allerhande voorwaardes wil stel nie. Die houding van vergewe, maar ek sal nie vergewe nie. Dit is ’n nikswerd houding, ’n goedkoop redenasie, wat so min soos ’n stuk hoendersif water dra.

Stel u vir ’n oomblik voor dat God só moes gewerk het. Dan sou daar vir ons geen hoop gewees het nie. Maar God vergewe ons ten volle endit moet ons ook onder mekaar doen. God moet so met my werk, dat dit vir my onmoontlik sal wees om nie my naaste te vergewe nie. Mag die slot van ons belydenis ook altyd u gebed wees. **Ons bid dit van u omdat ons**

hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.

AMEN